

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 02 Rom. 6; Gal.2:1 – 4;11 – 16. Teks Rom. 6: 22 Maar nou dat julle van die sonde vrygemaak is en diensbaar aan God geword het, lewer julle die vrug van heiligmaling ... (DAV) Tema: "Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak hy hulle slegte Jode." Die eerste Joodse Christene het gevoel n  t Jode leef vir God heilig, n  t hulle is die Messias se navolgers. Hulle het ook gedink dat die nuwe Griekse Christene se geloofsgehoorsaamheid aan Christus, maak die Griekse Christene slegte kinders van God, slegte navolgers van die Messias! (Rom. 6:1 en 15). Paulus wys in Rom. 6 en Gal. 2: 14 -16 dat Christus gelowiges (maak nie saak of jy 'n Jood of' Griek is nie) God se heilige kinders maak. Maar dit beteken onmiddelik dat Christus die Christene slegte Jode maak! Die besnydenis was vir sommige Joodse Christene die teken dat net Jode heilig is en heilig leef. Gal. 2:14 Hulle het hulle veral geskaar by die predikant (apostel) Jakobus in Jerusalem, wat Jesus se boetie was (Gal.2:12). In al die nuwe Griekse gemeentes het hulle ge  is dat Griekse gelowiges hulle moet laat besny en soos Jode moet leef, om gered te word en heilig te leef. (Hand. 15:1) Die eerste predikante (apostels) het toe in 48 n.C. die eerste algemene kerkvergadering gehou en besluit dat geloofsgehoorsaamheid aan Christus is iets anders as om soos Jode te leef. (Hand. 15 en Gal. 2:1,2,) Baie Joodse Christene het egter nie hierdie besluit van die kerkvergadering aanvaar nie en aangehou met die veroordeling dat die nuwe gelowiges slegte kinders van God is wat onheilig leef. Hulle oordeel het soveel druk uitgeoefen op die predikante dat die apostel Petrus tydens sy besoek aan die gemeente in Antiogi   ook gemaak het asof die Griekse gelowiges slegte kinders van God is (Gal. 2: 12 -14) en die apostel Jakobus het vir Paulus verplig het om Joodse seremonies in die tempel in Jerusalem uit te voer omdat hy bang was vir hierdie Joodse Christene se veroordeling. (Hand. 21 17-21) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 02 Rom. 6; Gal.2:1 – 4;11 – 16. Teks Rom. 6: 22 Maar nou dat julle van die sonde vrygemaak is en diensbaar aan God geword het, lewer julle die vrug van heiligmaling ... (DAV) Tema: "Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode." Wie is God se heilige kinders? Heiligheid gaan oor God se volkome liefde vir sy kinders en hulle volkome liefde vir Hom. Liefde is heilig. Paulus het in Romeine vanaf hoofstuk 1 tot 5 verduidelik hoe maak God sy kinders heilig en hoe laat Hy hulle heilig leef. Dit is deur Christus wat hulle vir God volkome reg gemaak word, reg gehou word en vir die toekoms reggekry word. Rom. 3:26 Deur hulle in Christus regverdig te maak, maak God sy kinders heilig vir sy liefde en laat Hy hul onvolkome liefde vir Hom heilig wees. Paulus stel dit s   met 'n vraag: "Besef julle nie dat as julle julleself vir iemand beskikbaar stel om hom as slawe te gehoorsaam, julle slawe is van die persoon aan wie julle gehoorsaam is nie? Die woord slaaf beteken hier "eiendom" en "dienaar." Wie jou liefde heilig en volkome maak, is die Persoon aan wie jy behoort en wie jy

dien. Dit is die ingrypende aankondiging oor wie heilig is en heilig leef in Romeine 6. Dit gaan nie oor waarmee jy jouself heilig maak nie, maar oor WIE jou heilig maak! Om heilig te leef gaan daarom ook nie oor wat jy doen nie, maar oor vir WIE jy dit doen! Die mense wie Christus regmaak, behoort aan God die Vader. Ons kan weer ons voorbeeld van die verskil tussen 'n troep en 'n kind gebruik. Paulus maak hier 'n baie ingrypende stelling. BEHOORT jy aan God as Generaal is jy 'n slaaf van sonde, maar BEHOORT jy aan God as Vader is jy 'n slaaf van God se regverdigmaking. BEHOORT jy aan God as Generaal is jy onheilig en leef jy onheilig. BEHOORT jy aan God die Vader is jy heilig en leef jy heilig. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 02 Rom. 6; Gal.2:1 – 4;11 – 16. Teks Rom. 6: 22 Tema: "Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode." Behoort jy aan God as generaal, leef jy sondig. Behoort jy aan God as Vader, leef jy heilig. Die woord "parade" in die weermag, wys hoe jy in sonde leef as God jou Generaal is. Die woord "parade" beteken 'n oefening in bevele ontvang en uitvoer. Alles wat jy in die weermag doen, is 'n parade, 'n oefening hoe om bevele te ontvang en uit te voer. Om te eet, om te bad, om fiksheidsoefeninge te doen, om jou kamer en kleres skoon te maak en om die Bybel te lees en te bid, is alles "parades", oefeninge hoe om bevele te ontvang en uit te voer. Om jou kamer skoon te maak is 'n oefening in bevele ontvang en uitvoer. Daarom, al is alles silwerskoon en plat gestryk, sal die korporaal alles omvergooi en moet jy alles oor doen, nie om dit beter te doen nie, maar om te leer dat jy doen wat vir jou gesê word. Paulus sê wie na God luister soos Jode, om van alles bevelsoefeninge te maak, leef sondig, nie heilig nie. Hoe so? Want met parades word absolute mag ingeoefen. Jy luister na mag as absolute mag en jy voer die mag uit met absolute oorgawe. Dit is die heilighede van die weermag: absolute mag wat met algehele oorgawe aanvaar word! Met hierdie oorgawe word jy deel van die mag waaraan jy jou oorgee en kan jy vorder van korporaal tot generaal. Hoe groter jou algehele oorgawe aan mag is, hoe meer mag kry jyself oor ander soldate! Om God se bevele te ontvang en uit te voer as 'n oefening hoe jy deel word van die krag van God, is nie hoe jy heilig leef nie. Dit is hoe jy sondig leef. Die moderne Christelike het van die geloofsgehoorsaamheid van die kerk, "geestelike parades" gemaak, oefeninge in die oorgawe en deel word van God se mag. Hulle heiligmaking is 'n lewe in sonde! Preek beskikbaar om Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 02 Rom. 6; Gal.2:1 – 4;11 – 16. Teks Rom. 6: 22 Tema: "Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode." Die "parades" van die weermag verskil radikaal van die dienslewering van die gewone burgerlike lewe. In die gewone lewe gaan dit nie om oefeninge in oorgawe aan mag, "parades" nie. Dit gaan oor dienslewering! Jy maak iemand se kar reg as 'n diens sodat hy dit kan gebruik. Kar regmaak is 'n nie parade

nie. Dit is dienslewering. Om heilig te wees is om kind van God, nie sy troep te wees nie en om heilig te leef, is om jou as kind in diensbare liefde aan God die Vader toe te wy. In geloofsgehoorsaamheid leef ons heilig omdat God ons heilig gemaak het Dit is die aankondiging in Rom. 6: 19: die geregtigheid van Christus, sy gehoorsaamheid, maak jou liefde vir God heilig, dit is, volkome. "Slawe van geregtigheid tot heiligmaking" beteken dat omdat Christus ons vir God regmaak, reghou en vir die toekoms regkry, deur ons in sy gehoorsaamheid te laat deel, laat Hy ons liefde en diensbaarheid vir God heilig wees. Regverdigmaking maak ons heilig! Só maak Christus ons slegte Jode maar heilige kinders van God!

Hy VERANDER ons van mense wat

* alles wil sien en uitleef as "geestelike parades",

* oefeninge in absolute oorgawe aan God se absolute mag om in God se mag te deel,

NA MENSE WAT

* in alles net met diensbare liefde teenoor hul Vader en naaste besig is.

So leef God se kinders heilig: Hy leef as Vader in alles saam met sy kinders sodat hulle saam met Hom leef as hul Vader. 'n Heilige lewe is om saam met God in sy liefde te leef wat ons liefde vir Hom heilig laat wees. Preek beskikbaar op Google by ngkekrlevub.co.za. Ds Petrus

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 02 Rom. 6; Gal.2:1 – 4;11 – 16. Teks Rom. 6: 22 Tema:

"Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode." Vandag het ons weer die probleem van Joodse tipe Christene wat glo net hulle leef heilig en gewone gelowiges is slegte Christene. Geestelikes van die moderne Christelikheid glo dat gelowiges is miskien gered en vergewe, maar is nie en leef nie heilig nie. Heiligheid is net vir sogenaamde "ernstige geestelikes", nie vir gewone gelowiges nie. Hierdie dwaling maak dat die meeste gelowiges nie meer glo hulle is en leef heilig vir God nie. Volgens hierdie geestelikheid moet jy eers tot 'n algehele oorgawe aan God kom, voordat God jou in sy goddelike krag en mag laat deel en jy hierdeur heilig, dit is goddelik leef. Dit is regtig hoe oom Angus Buchan en predikante van Korea tot in Argentinië dit preek Jy moet jouself algeheel oorgee aan God se absolute mag om 'n dissipel van die Here te wees wat deel van sy goddelike mag is. Wat se tipe mens is jy as jy glo dat jy deur 'n algehele oorgawe deel in God se goddelike krag en mag? 'n Geestelike troep wat met geestelike parades besig is! Hulle maak elke deel van die lewe, slaap en werk, vry en trou, kinders grootmaak, bid en bekeer, getuig en dien, 'n geestelike parade: 'n oefening van algehele oorgawe aan God se absolute mag. En hierdie "algehele oorgawe aan God" - 'Christene' veroordeel gewone gelowiges as slegte kinders van God. Gelowiges se liefdevolle geloofsgehoorsaamheid is vir hierdie "algehele oorgawe aan God" - 'Christene' nie 'n heilige lewe nie. Al hoe ons met hierdie geestelikheid kan breek, is dat ons glo dat Christus, en nie onself nie, ons slegte Jode maak. Hy maak ons onbekwaam om God se geestelike troepe te wees wat met geestelike parades besig is, maar maak en laat ons heilig vir Hom as sy kinders leef. Ons oefen ons in diensbare liefde, nie

in geestelike mag nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds.
Petrus